



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU vir CHO
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 27

**AKADEMIESE EN PROFESSIONELE EISE
WAT AAN DIE VERPLEEGSTERSBEROEP
EN VERPLEEGSTERSOPLEIDING GESTEL
WORD**

E. Coertse

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1976

AKADEMIESE EN PROFESSIONELE EISE WAT AAN DIE VERPLEEGSTERSBEROEP EN VERPLEEGSTERSOPLEIDING GESTEL WORD

Om die onderwerp, *Akademie se en professionele eise wat aan die verpleegstersberoep en verpleegstersopleiding gestel word*, duideliker te omlin is dit nodig om kortliks die terme Verpleegkunde en Verpleging te ontleed, omdat die begrippe Verpleegkunde en Verpleging in Engels as een woord, naamlik *Nursing* gebruik word, maar in die Afrikaanse taal as twee woorde bestaan. 'n Kort historiese oorsig sal geskets en 'n beknopte weergawe gegee word van die wese van Verpleegkunde as toegepaste sosiale wetenskap.

A. VERPLEEGKUNDE

Die woord *Verpleegkunde* met die *kunde* -gedeelte wat *kennis* en *wetenskap* beteken, het met kennis en die oordra van kennis te doen. Verpleegkunde kan derhalwe beskryf word as die wetenskap wat die resultaat is van die besinning oor, en die ondersoek van verpleging en sy probleme, met ander woorde die wetenskaplike onderbou.

Verpleging daarenteen het met die praktiese situasie te doen. Die woord *pleeg* beteken doen of verrig. In Nederlands bestaan die woord *plegen*, in Middelnederlands *plēghen* en 'n nog ouer woord *plien* wat versorg beteken. In Duits kom die woord *pflēge*, in Nuwe-Hoogduits *pflēgen* en in Oud-Hoogduits *pflēgan* voor, wat onderskeidelik beoefen en versorg beteken. Die woorde in Oud-Saksies *plēgan*, Oud-Fries *plegia*, Angel-Saksies *pleon* en Laat-Oud-Noors *plēga* het onder andere die betekenis van versorg. In Afrikaans beteken die woord *verpleeg* om die sieke te versorg, en in Engels beteken *nursing* „to take care of as in illness”.

Die gemeenskaplike wat uit die verskillende betekenis van die begrip *verpleging* afgelei kan word is:

- (a) in Nederlands *versorg*,
- (b) in Duits *beoefen* en *versorg*,
- (c) in Oud-Saksies, Oud-Fries, Angel-Saksies, Laat-Oud-Noors *versorg*,
- (d) in Afrikaans *versorg*,
- (e) in Engels *to take care of as in illness*.

Met bogenoemde as agtergrond is dit duidelik dat die woord *verpleging* met die toepassing van kennis in die praktiese situasie van versorging en hulpverlening tydens siekte te doen het.

Verpleegkunde het dus betrekking op die wetenskaplike onderbou, terwyl verpleging te doen het met die praktiese toepassing van die wetenskaplike kennis.

B. HISTORIESE ONTWIKKELINGSGANG VAN DIE VERPLEEGSTERS-BEROEP

Dit is noodsaaklik dat die verpleegster ondermeer ook die historiese bou-stene van haar beroep en profesie moet ken en verstaan.

Verpleging as menslike aktiwiteit is so oud soos die mensdom self. Dit kan tot die prehistoriese tydperk teruggevoer word. Dit is 'n reaksie van die menslike denke en gevoel op 'n verskeidenheid van sosiologiese, psigologiese en patologiese verskynsels en is daarop gerig om lyding deur behandeling te versag en met die nodige kennis van voorkomende en genesende medisyne asook rehabilitasie, gesondheid te probeer behou of herstel. Verpleegkunde en verpleging het 'n ontwikkelingsgeskiedenis van eeue deurloop en die basis is deur alle nasies gevorm.

Die behoefte om te verpleeg is intensief deur die primitiewe mens geopenbaar. Die antieke kulture het 'n bepaalde bydrae tot die profesie gelewer. Die kode van Hammoerabi word veral met die Mesopotamiese beskawings geassosieer. Die Egiptenare se higiëne, sanitasie, afsonderingsidee en terminale ontsmetting om die verspreiding van siektes te bekamp, dui op 'n hoogsstaande ontwikkelingspeil. Die Sjinese het veel bygedra tot Farmakologie en menige geneesmiddel is deur hulle tot die mens se beskikking gestel. Deur die Mosaïese Wet is die fondament van volksgesondheid, persoonlike higiëne en voorkomende medisyne gelê. Indië weer, het die aandag op die geneesheer-verpleegster-pasiënt-farmaseut-verhouding gevestig, 'n verhouding wat gesond moet wees en wat vandag nog essensieel is vir die bevordering van genesing. Die Christendom het aan verpleging die Christelike lewens- en wêreldbeskouing en deugde gegee wat die wese van hierdie wetenskap bepaal en die verplegingstaak doelgerig maak. Die Middeleeue het tot die vooruitgang in hospitaalbeplanning en pasiëntversorging bygedra, en die geboorte van universiteite het Verpleegkunde nader aan die latere noodsaaklike universitêre opleiding gebring. Die tydperk tot aan die einde van die Middeleeue het wel hospitale, georganiseerde verplegingsgroepe en individue wat hulle vir die verpleegstersberoep beywer het opgelewer, maar nog het die oordrag van kennis voorwetenskaplik gebly en was daar nie van Verpleegkunde sprake nie. Dit is duidelik dat verpleging tot aan die einde van die Middeleeue in sy wese empiries van aard gebly het. Die Renaissance en die Humanisme het die era van Verpleegkunde ingelei. Die eerste deurbraak het in die 17de eeu gekom met 'n reeks eenvoudige lesings aan

die *Dames de charité*. Die volgende merkwaardige vooruitgang is in die 18de eeu deur professor Franz Mai gemaak, wat nie net die grondslag van professionele verpleging help lê het nie maar wat betekenisvolle bydraes tot die verdere ontwikkeling van die Verpleegkunde gelewer het, in die sin dat hy al in die 18de eeu geredeneer het dat verpleging wetenskaplik genoeg is om op 'n universiteit tuis te hoort, waar hy dan ook verpleegsters opgelei het, naamlik aan die Universiteit van Mannheim en Heidelberg. In die vroeë 19de eeu het pastoor Fliedner met sy opvoedkundige werk die wetenskaplike basis verder verstewig. Maar dit was Florence Nightingale wat Verpleegkunde as vak daargestel en gehandhaaf het. Voor die einde van die 19de eeu is in Suid-Afrika baanbrekerswerk op die gebied van die opleiding deur mej. Stockdale gedoen. Sy het die eerste verpleegstersopleidingskool in Februarie 1877 by die Carnarvon Hospitaal in Kimberley begin. Sedertdien en veral gedurende die 20ste eeu bereik Verpleegkunde 'n fenomenale ontwikkeling op wetenskaplike gebied. Ook die fenomenale en sensasionele vooruitgang op die gebied van die mediese wetenskap het 'n vlak bereik wat die mens soms stom van verbasing laat. Saam met die ontwikkeling van die mediese wetenskap groei ook Verpleegkunde wat nou wêreldwyd as vakwetenskap aan universiteite gedoseer word.

C. DIE WESE VAN VERPLEEGKUNDE AS TOEGEPASTE SOSIALE WETENSKAP

Verpleging word omskryf as 'n praktyk wat diens aan die mens in sy totaliteit as psigies-fisiese en sosiale wese in gesondheidsnood voorsien. Om aan dié doel te beantwoord word ten eerste geredeneer dat Verpleegkunde net soveel natuurwetenskaplik as sosiaalwetenskaplik is, omdat daar, tereg ook, 'n balans tussen die psigies-fisiese en die sosiale gehandhaaf moet word. 'n Tweede mening is dat die wetenskap oorwegend natuurwetenskaplik is, omdat daar van soveel moontlike natuurwetenskaplike kennis gebruik gemaak word ter bereiking van die verpleegkundige doelstelling. Nog 'n derde mening gaan van die standpunt uit dat dit 'n wetenskap in diens van die mens is met die verplegingsdaad en versorging van die mens as kerngedagte.

Die natuurwetenskaplike kennis word aangewend om die fisiese gebreke te herstel en die liggaam gesond te hou, maar 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees, en dis hierdie geestelike vermoëns wat die kern van die menslike wese is. Dit is so dat 'n beskadiging van die breinsubstansie die mens onbewus van sy bestaan maak, en dan is dit bloot 'n fisiese behandeling wat benodig word. Verder is dit van aktuele belang dat die mens in die laaste fase van sy lewe, wanneer geen fisiese hulp meer baat nie, nog geestelike versorging benodig. Dis 'n belangrike faktor waar die teoloog sterk op die

voorggrond tree. Dit is ook waar dat, wanneer die mens ernstig siek is, kwaai pyn moet verduur of tydens 'n langdurige siektetoestand, hy tydelik psigies wangebalanseerd raak. Verder is dit bekend dat 'n psigiese toestand veroorsaak deur 'n langdurige bekommernis, die fisiese kan affekteer – dink maar aan duodenale ulsera – maar die teenoorgestelde is net so bekend, naamlik dat fisiese ongesteldheid die psige kan versteur. Hierdie voorbeelde toon die belangrikheid van die balans tussen die psigiese en die fisiese in die menslike lewe. Maar dit is veral die psigiese aspek van die pasiënt waarmee die verpleegster in konstante relasie is, terwyl die fisiese behandeling van korte duur of periodiek kan wees. Die hele pasiënt-verpleegster-verhouding is uiteraard sosiaal in wese en dit sluit ook voorkomende geneeskunde vir die breë publiek in, gesinsbeplanning, sowel as rehabilitasie en nasorg; hierdie groot aspekte is beslis sosiaal georiënteerd.

Op grond van voorafgaande uiteensetting is dit die mening dat verpleging as diensbetoon aan die individu, maar ook aan die groep, in sy doelstelling dus effens meer 'n sosiale wetenskap as 'n natuurwetenskap is. Dit is juis die woord *versorging* wat die bepalende faktor word. Die verpleegster pas 'n behandeling toe; laasgenoemde kan wel natuurwetenskaplik van aard wees, maar die meer duursame verhouding is nog die pasiënt-verpleegster-verhouding in 'n psigies-sosiale verband. Die slotsom waartoe gekom word, is dus dat Verpleegkunde 'n toegepaste sosiale wetenskap met 'n sterk natuurwetenskaplike inslag is. Daarom dan ook die naam B. Art. et Scien. (Verpleegkunde), wat duidelik aantoon dat Verpleegkunde se studiemateriaal uit beide die sosiale en natuurwetenskappe getrek word.

D. AKADEMIESE EN PROFESSIONELE EISE WAT AAN DIE VERPLEEGSTERSBEROEP EN VERPLEEGSTERSOPLEIDING GESTEL WORD

1. Die eis ten opsigte van keuring van voornemende studenteverpleegsters

Dit is 'n vereiste dat elke aanvangstudentegroep gekeur moet word om sover moontlik die beroepspotensiaal te bepaal en daarvolgens die student af te wys of te aanvaar. By die beroepstoelating word hoofsaaklik die uitslag van die matrikulasievrystellingeksamen, akademiese bevoegdheid, aanlegtoetse, gesondheid (fisies en psigies), ekstra-kurrikulêre aktiwiteite, karaktereienskappe, humaniteit en sosiale aanpassing in aanmerking geneem. Verder word daar van persoonlike onderhoude met die aspirant-verpleegsters gebruik gemaak.

2. Die eis van vakkeuse vir universiteitstoelating, voorligting ten opsigte van vakkeuse op skool en aanneembare vaksimbole

Alhoewel Verpleegkunde as 'n sosiale wetenskap met 'n sterk natuurwetenskap

skaplike inslag beskryf word is dit noodsaaklik dat dié wetenskap met vakke soos Anatomie, Fisiologie, Biochemie, Biofisika, Mikrobiologie, Farmakologie en andere, op 'n redelike sterk natuurwetenskaplike grondslag sal voortbou. Dit moet dus aanvaar word dat 'n student onder andere met 'n matrikulasiel-vakkombinasie van Wiskunde, Wetenskap en Biologie die kursus makliker sal vind en dat verpleegstersverlies in 'n mate deur die regte of ideale vakkeuse verbeter kan word. Verder het dit nou 'n vereiste vir die professionele geword dat daar, deur middel van voorligting aan die hoër en middelbare skole, die regte vakkeuse aan voornemende verpleegsters verduidelik moet word. Studente met 'n matrikulasielverystelling en vaksimbole wat op of naby die minimum-grenslin lê moet liever geadviseer word om die geïntegreerde Universiteitsdiploma in Verpleegkunde te volg in plaas van die graadkursus met sy veel hoër vereistes. Die geïntegreerde Universiteitsdiploma in Verpleegkunde (Algemeen en Verloskundig) word aan hierdie Universiteit en die Universiteit van die Oranje Vrystaat aangebied.

3. Die eis van positiewe gesindheid en noue samewerking met die mediese beroep

Die plek en professionele status van die verpleegster moet behou en stewig gekonsolideer word. Dit beteken dat die verpleegstersopleiding van so 'n aard moet wees dat sy nie deur 'n geneesheer-assistent of enige ander kategorie van werkers vervang kan word nie. Omdat beide wetenskappe (Medies en Verpleegkunde) hulle probleemstellinge in dieselfde gesondheidsfenomeen vind, het hulle noodwendig talle raak- en oorleuelingsfasette. Die opleiding moet gevolglik daarop gerig wees om by die toekomstige verpleegster die ideaal te wek om haar te beywer vir die behoud van die status en konsolidasie van haar beroep en tot die bevordering van 'n positiewe gesindheid van noue samewerking met die mediese beroep. Die verpleegsters-geneesheer-verhouding moet sodanig wees dat die verpleegster as die geneesheer se „vennoot” kan optree, terwyl elkeen tog sy eie identiteit behou in plaas daarvan dat 'n verwydering intree tussen die twee kernwetenskappe (die mediese en die verpleegkundige) van die gesondheidsplan.

Die ideale verhouding sou wees 'n noue samewerking tussen die geneesheer, verpleegster, farmaseut, teoloog en psigiater. Teen die agtergrond wat reeds geskets is, het die teoloog 'n besliste plek en met die huidige vinnige lewens-tempo, spanning en frustrasie is die psigiater bykans onmisbaar.

4. Die eis van organisasie vir die verpleegstersopleiding

Die organisasie van die verpleegstersopleiding moet doelbewus beplan word om sodoende die struktuur van die opleidingsproses tot sy reg te laat kom, dit wil sê sodat die doel daarvan verwesenlik word. Dit geld veral vir die algemene grondbeginsels van totaliteit, individualiteit, sosialiteit, aktiwiteit, vryheid, outoriteit, en andere wat die ordelike verloop van die opleidingspro-

ses bepaal.

5. Die eis van noodwendigheid vir die verpleegstersopleiding

'n Deurslaggewende eis vir die bepaling en beplanning van die opleidingsorganisasie is dat alle maatreëls wat aangewend word tot ordening van die opleidingsproses, deurgaans aan die eis van noodwendigheid getoets moet word om vas te stel of dit die aard van die opleidingsproses in ag neem en dat dit tot die verwesenliking van die doel bydra.

6. Die eis van die reg van die individu tot opleiding

Die student wat verpleging haar beroepskeuse maak, het die reg tot opleiding. Dit is 'n demokratiese ideaal wat aan elke verpleegster die reg toesê om die volle potensialiteit van haar aanlegmoontlikheid te ontwikkel, en wat van die verpleegstersberoep eis dat dit in die praktyk gehandhaaf word en dat alle fasiliteite vir alle stadiums van haar opleiding en ontwikkeling aan haar beskikbaar gestel moet word. Die eis impliseer verder dat die geleentheid tot die verpleegstersopleiding nie beperk moet word tot die behoeftes van 'n paar bevoorregte of geselekteerde ekonomiese, sosiale, politieke of intellektuele groepe nie, maar dat 'n gedifferensieerde opleiding tot die beskikking en benutting van alle verpleegsters gestel moet word.

7. Die eis van selfstandigheid en beroepsverantwoordelikheid

Die reg op opleiding plaas weer 'n plig op die individu om gebruik te maak van dié geleentheid. Die opleidingsproses en die organisasie daarvan moet die verpleegster as redelik-sedelike wese 'n stadium van ontwikkeling laat bereik waar sy selfstandig in haar eie behoeftes kan voorsien en terselfdertyd haar beroepsverantwoordelikheid besef. Sy is dit nie net aan haarself verskuldig nie maar ook aan die gemeenskap waarvan sy lid is en waaraan sy haar bestaan en ontwikkeling te danke het.

8. Die eis van die volksgemeenskap

In Verpleegkunde moet daar met die gesondheidsbehoefte van die volksgemeenskap rekening gehou word wanneer die organisasie van die opleiding beplan word.

Elke menslike verband is soewerein in eie kring, onder andere die gesin, die gemeenskap, die kerk, die staat, die verpleegstersgroep, ekonomiese groeperinge ens. Elke menslike verband moet die soewereiniteit, selfstandigheid, besondere verantwoordelikheid, struktuur, taak, roeping en vryheid van die ander erken en respekteer. Maar al is elke menslike verband soewerein in eie

kring, staan hulle nie gesiöleer van mekaar nie; intendeel, die een vul die ander aan en hulle staan neweskikkend langs mekaar – daar is ook same-werking en wisselwerking tussen groepe en lede van verskillende groepe. So het die verpleegstersberoep byvoorbeeld die staat nodig want die staat kan gesondheidswette proklameer, dienssubsidies daarstel en andere; maar op sy beurt het die staat weer die besondere beroepsgroep nodig omdat hy 'n behoefte aan opgeleide en geskoolde verpleegsters en hospitale het om tot die bevordering en behoud van volksgesondheid by te dra.

9. Die eis van die plaaslike gemeenskap

Die verpleegstersberoep se wortels is diep in die volks- maar ook in die plaaslike gemeenskap geanker. Die verpleegster is dus onder andere lid van 'n gesin, lidmaat van 'n kerk, burgeres van 'n staatsgemeenskap. Sy word uit die talle sosiale groepe van die gemeenskap tot die beroep getrek. Die verpleegster se gemeenskapsdiens het waardevolle betekenis vir haar eie vorming as individu en sosiale wese, maar dit het ook wisselwerkende betekenis vir die gemeenskap deurdat sy sover moontlik aan die ideaal van die gemeenskap voldoen. Die verpleegstersdienste omspan die individu, die gesins-, die gemeenskaps- en die volkslewe, en dit is logies dat die gemeenskap besondere eise aan die verpleegstersprofessie sal stel. Die gemeenskap van die verpleegsters se herkoms maak dus aanspraak op erkenning in die beplanning van die organisasie van die verpleegstersopleiding.

10. Die eis van die kerk

Hierdie eis het wel deeglik sy inslag in die vorming en ontwikkeling van die verpleegster; dit vorm die stukrag vir die verpleegster met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing; en langs die fisiese staan die psigiese probleme van die pasiënt wat lidmaat van 'n kerk is – geestelike probleme waarmee die verpleegster in haar daaglikse taak te kampe het en wat sy dikwels tot die beste van haar vermoë moet probeer oplos. Daarby moet sy die pasiënt as geloofsgenoot bemoedig.

Die kerk het dus 'n direkte belang by die ontwikkeling en vorming van die verpleegster, en sy medeverantwoordelikheid, seggenskap en samewerking in die opleidingsproses as eis vir dié organisasie moet noodwendig erken en aanvaar word indien die aard en doel van die proses tot sy volle ontplooiing wil kom.

11. Die eis van die staat

Waar die ontwikkeling van die verpleegster van algemene betekenis en 'n behoefte aan volksgesondheid van primêre belang vir die staat is, het die staat

ook 'n bepaalde taak in hierdie verband. Daarom is Verpleegkunde, net soos ander vorme van opvoedkunde, 'n instrument wat die staat gebruik om sy burgers te bekwaam en sy taak uit te voer. Die regering wat die bestuursgesag van die staat is moet beleidsbepalinge neerlê vir die opleiding wat van nasionale belang is, toesien dat dit deur middel van maatreëls en wetgewing ordelik en doeltreffend georganiseer en bevorder word, sodat koördinasie van aktiwiteite bewerkstellig kan word. Dit beteken dat die staat organisatoriese reëlins van optrede moet voorsien sodat die verpleegstersopleiding behoorlik en doeltreffend kan funksioneer: onder andere deur oordeelkundige aanwending van die nasionale finansies.

12. Die eise van die ekonomiese groeperinge

Die instelling wat die ekonomiese lewe verteenwoordig, word as openbare organisasie erken, en hulle tree op as mondstukke en kenners van die besondere behoeftes en vereistes van die verpleegstersberoep. In die Republiek van Suid-Afrika word onder andere die materiële aspek deur die Provinsiale Administrasie, die Staat en privaat ondernemings beheer. Hierdie ekonomiese groeperinge het gevolglik 'n direkte verantwoordelikheid en belang by die verpleegstersopleiding, in die sin dat staatsgelde en ander materiële behoeftes vir opleidingsdoeleindes reg gebruik moet word.

13. Die eise van die skool

Die skool verskaf kennis wat sy eie doelstellinge, middele en metodes aanbetref, dit vul die gesinsopvoeding aan, rond dit af en die toekomstige studentverpleegster is deel van 'n skool. In die skool word reklame gemaak vir Verpleegkunde as wetenskap, verpleging as profesie en versorgingsfunksie. Die skool op sy beurt weer eis dat daar skoolklinieke sal wees, dat skoolverpleegsters opgelei en aangestel word en dat laasgenoemde na die gesondheid van die leerlinge van 'n bepaalde skool sal omsien.

14. Die eise van die onderskeie kultuurgroepe

Hier kan byvoorbeeld aan plattelandse en stedelike gemeenskappe gedink word, aan groeperinge binne hierdie gemeenskappe wat weens geografiese lokaliteite of ekonomiese, sosiale, politieke en historiese oorsake tot gedifferensieerde kultuurgroepe ontwikkel het. Verder is van groot belang die nasionaliteits- en rassegroepe binne dieselfde staatsverband, soos byvoorbeeld Engels-, Afrikaans-, Duits-, Italiaanssprekende groepe, ander Europeërs, Bantoe-, Asiate- en Kleurlinggroepe. Deur verpleegkunde en verpleging moet alle kultuurvariasies en -groepe in ag geneem word, maar die belangrikste faset is die nasionaliteits- en rassegroepe binne dieselfde staatsverband. Al

hierdie nasionaliteits- en rassegroepe kan aanspraak maak op en het seggenskap in die opleidingsproses, en die verpleegster se opleiding moet van so 'n aard wees dat sy in staat sal wees om alle nasionaliteits- en rassegroepe ongeag van kleur, nasionaliteit, geloof of status te kan verpleeg.

15. Die eise van die doserende personeel

Dit is noodsaaklik maar ook logies dat alle opleiding alleenlik suksesvol kan verloop onder die beheer van goed geskoolde dosente in 'n bepaalde fase of fasette van die opleidingsprogram. Dit is essensieel dat 'n persoon in beheer van 'n hospitaal of 'n akademiese situasie, en 'n persoon wat as leerkrag van die verpleegstersopleiding aan universiteite, kolleges en hospitale optree oor die hoogste akademiese kwalifikasies moet beskik maar ook professioneel bekwaam sal wees. Dit is dan 'n eis van die personeel aan die opleiding en beroep om so geskool te word dat hulle te alle tye meesters op die gebied van Verpleegkunde en verpleging kan wees.

16. Die eis van 'n relasie tussen die teorie en praktika

Verpleegkunde is 'n wetenskap en verpleging 'n professie wat aan akademiese sowel as praktiese vereiste moet voldoen. 'n Deeglike balans tussen en integrasie van die teorie en praktyk is essensieel. Dit is dus nodig dat die leerstof so ingedeel word dat die verpleegster van al die praktiese opleidingsaspekte ondervinding sal opdoen. Terselfdertyd geld dit ook vir die teoretiese kennis: ook hier moet alle fasette in teoretiese lesingsperiodes gedek word.

Verpleegkunde verskaf die-wetenskaplike fondament vir voorbereiding en waar daar 'n doeltreffende wetenskaplike onderbou is, kan die professionele deel makliker daarop voortbou. Die metodologie vir die verpleegstersopleiding behoort dus so te wees, en dit is dan ook die eis aan die beroep, dat 'n direkte korrelasie tussen die teorie en praktyk gehandhaaf kan en moet word. Dit is baie doeltreffender as die teoretiese kennis onmiddellik met die praktiese gekorreleer kan word. As die teorie oor die gee van 'n inspuiting byvoorbeeld onmiddellik die praktika voorafgaan, beteken dit vasgelegde kennis, terwyl dit baie ondoeltreffend is as hierdie teoretiese kennis eers maande daarna met die praktika gekorreleer word.

17. Die eis van gesag, dissipline, vryheid en verantwoordelikheid

Die eerste sinvolle en doeltreffende vereiste vir dissipline is liefde, want ware gesag en ware liefde is nie in stryd met mekaar nie. Gesaguitoefening waar liefde ontbreek of waar onegte liefde in die vorm van 'n bedenklieke sentimentaliteit bestaan sal noodwendig ontaard en die verpleegster in opstand teen gesag bring. In teenstelling hiermee sal 'n dosente met liefde vir haar werk en

wat die verpleegster uit liefde aanmoedig se gesag 'n positiewe reaksie uitlok.

Gepaard met liefde gaan wedersydse respek en vertroue wat as 'n tweede noodsaaklike voorwaarde vir doeltreffende dissipline beskou kan word. 'n Positiewe verhouding tussen verpleegster en dosente sal moontlik as resultaat 'n gesagsaanvaarding en -gehoorsaamheid bewerkstellig.

Vryheid as 'n derde vereiste moet altyd in verhouding tot gesag gesien word. Dit is noodsaaklik dat gesag met vryheid gepaard gaan, want sonder gesag ontaard vryheid. Die doel van opleiding moet onder andere geestelike volwassenheid, selfstandigheid, verantwoordelikheid en vryheid inspireer. Die dosente moet aan die verpleegster die geleentheid laat om dinge self te doen, verantwoordelikheid te aanvaar, selfstandig op te tree, sodat die menslike wese deur vryheid tot volle vorming en ontplooiing kan kom.

Die suksesvolle dosente is vierdens die persoon wat kan opoffer, wat nie met hoogmoedige vriendelikheid gesag probeer handhaaf of vriendelikheid in familiariteit laat ontaard nie. Vir die verpleegster as leidster, maar ook in haar beroepsverpligtinge, is hierdie eis 'n verpligting wat sy elke dag moet uitleef. Sy moet by uitstek die kuns verstaan om haar in die verplegingsituasie en probleme in te leef, saam met die verpleegster te beweeg en tog 'n afstand tussen haar en die pasiënt en ook tussen haar en die verpleegster te bewaar.

Ten laaste moet die dosente die verpleegster juis deur gesagsdissipline lei tot die aanvaarding en gehoorsaamheid daarvan deur dit, deur middel van geduld, takt, wysheid, billikheid, regverdigheid en beslistheid te handhaaf. Op dié wyse kan die verpleegster tot respek vir wet en orde, verantwoordelikhedsin en -aanvaarding, pligsbesef, selfbeheer en selfdissipline gebring word.

18. Die eis van leer deur ervaring

In Verpleegkunde waar feitlik alle studie proefondervindelik, deur ervaring, deur waarneming of deur toepassing van die teorie in die praktyk aangevul word, neem audiovisuele en kliniese onderrig en praktiese demonstrasies 'n belangrike plek in. Leer deur die werklike situasie, verskynsels of die praktiese toepassing van 'n prosedure hou baie waarde in en is in verpleging essensieel; trouens, dit is noodsaaklik om sekere verskynsels en feite te kan verstaan. Direkte ervaring vorm in die werklike situasie die basis van alle doeltreffende onderwys, en in die verpleegstersberoep is dit 'n vereiste dat die ervaring opgebou en met audiovisuele onderrig aangevul word.

19. Die eis dat daar van hulpwetenskaplike kennis by die verpleegstersopleiding gebruik gemaak moet word

Daar word van die verpleegstersberoep en -opleiding geëis dat van hulpwetenskap-

skaplike kennis uit ander departemente gebruik gemaak moet word, onder andere van Geneeskunde, Farmakologie, Teologie, Psigologie, Sosiologie, Mediese Geografie, Biochemie en Biofisika, die Regswetenskap, Mikrobiologie, Anatomie, Fisiologie, Opvoedkunde en andere. Die gebruik van buite-departementele kennis kan dan aan dié omvangryke studiegebied reg laat geskied in plaas daarvan dat getrag word om alle opleidingsfasette binne eie kring te probeer behartig.

20. Die eis van historiese kennis

Geen wetenskaplike werk is revolusionêr nie, maar dit bou die hede in sy toekoms op en stel die moontlike verloop van 'n aktuele situasie vas deur die grondslae en ervarings van die verlede. Op dieselfde wyse vereis die Verpleegkunde ook dat by die leerstofkeuse voldoen moet word aan die eis van 'n historiese norm.

SLOT

Dit is met dankbaarheid en trots dat die Verpleegkunde van hierdie huidige hoë spits af kan terugkyk na die nederige begin van 'n professor Franz Mai in 1871 aan die Universiteite van Mannheim en Heidelberg, 'n pastoor Fliedner, 'n Florence Nightingale en 'n mej. Stockdale. Maar Verpleegkunde is nog 'n jong wetenskap, en vanweë sy dinamiese aard sal daar nog talle veranderinge en aanpassings in sy wese plaasvind omdat daar altyd nuwe ontwikkeling is. Die versorging van die mens as fisies-psigiese en sosiale wese eis nie net pasiënt-gesentreerde verpleging nie, maar veel meer. In die verlede is waardevolle materiaal versamel wat verder ontgin kan word. Kennis van die verlede help om die probleme van vandag op te klaar, maar dit is met die huidige vinnige wetenskaplike ontwikkeling en verandering in eie kring en op mediese gebied dat die wetenskaplike verpleegsters van vandag en inôre tred sal moet hou.